

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 2 BOEDELS

17 MAART 2021

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan daarna.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

VRAAG 1**[18]**

U word genader deur Ada West en Mark West om vir hulle 'n testament op te stel. Hulle is getroud binne gemeenskap van goedere. Hulle enigste kind is 'n getroude vrou met twee minderjarige kinders. Hulle wil hê dat hulle hele gemeenskaplike boedel alleenlik en direk vererf op hulle bogenoemde dogter, welke boedel by estimasie R4 500 000.00 beloop, op die datum van die eerste sterwende van hulle. Hulle versoek egter dat daar binne die testament voorsiening gemaak moet word (anders as die stigting van 'n trust) vir die laaste lewende van hulle tot by sy/haar afsterwe. Mark West dui aan dat hy nie geletterd is nie, maar wel die testament sal onderteken deur die maak van 'n 'merk'.

- 1.1 Wat is boedelsamesmelting ten opsigte van 'n testament? Verduidelik ten volle. (4)
- 1.2 Stel die sertifikaat op wat deur die Kommissaris van Ede aangebring sal word in 'n testament wanneer die testament onderteken word deur die aanbring van 'n merk. (3)
- 1.3 Wanneer moet die Kommissaris van Ede bogenoemde sertifikaat maak? (2)
- 1.4 Wie is bevoeg om as getuie in 'n testament op te tree? (2)
- 1.5 Wie is bevoeg om 'n testament te maak? (2)
- 1.6 In terme van 'n testament, wat is 'n legaat? (2)
- 1.7 Moet 'n testament gedateer wees, om geldig te wees? (1)
- 1.8 Wat is die betekenis van inbring (*collatio*) met betrekking tot 'n boedel? (2)

VRAAG 2**[8]**

Tom Snow is 67 jaar oud en kom tot sterwe op die 1st Januarie 2021 sonder 'n testament. Tom Snow was geskei van sy eerste eggenote op die 2de Februarie 2019 en het in die huwelik getree met sy tweede vrou op die 3rd Junie 2019. Tom en sy tweede vrou is getroud buite gemeenskap van goedere sonder die aanwasbedeling. Op die datum van Tom se afsterwe beloop sy boedel R5 000 000.00. Tom word oorleef deur die volgende persone:

- 2.1 Sy tweede vrou, Jill Snow;
- 2.2 Sy broer, Jack Snow;
- 2.3 Sy eerste vrou, Lynn Winter (voorheen Snow);
- 2.4 Sy twee volwasse kinders van sy eerste huwelik, Ed Snow en Samantha Snow;
- 2.5 Sy minderjarige kind van sy tweede huwelik, Craig Snow.

Dui aan hoe Tom se boedel sal vererf.

Piet Venter het tot sterwe gekom op die 5de November 2020. Hy word oorleef deur sy vrou, Jane, met wie hy getroud was buite gemeenskap van goedere sonder die aanwasbedeling. Hy word ook oorleef deur sy suster Eva en sy vader Graham. Piet het 'n testament waarin hy sy hele boedel bemaak aan sy vrou Jane. Eva, wat nie 'n BTW geregistreeerde handelaar is nie, is deur Piet genomineer as die eksekuteur van sy bestorwe boedel wat uit die volgende bestaan:

- 3.1 Die plaas Morula waarop 'n *bona fide* boerdery bedryf word, en wat deur die waardeerder gewaardeer is tot die bedrag van R2 300 000.00;
- 3.2 Die boerdery implimente tot die waarde van R190 000.00;
- 3.3 Sy vakansie huis in Gauteng met 'n munisipale waarde van R380 000.00. 'n Eiendomsagent het egter die woning gewaardeer tot 'n regverdige markwaarde van R530 000.00. Die eksekuteur was egter in staat om die woning te verkoop slegs teen R450 000.00. Die ooreengekome koste van die eiendomsagent se waardasie van die eiendom beloop R25 000.00.
- 3.4 Piet besit 100% aandele in Cows (Edms) Bpk. Sy suster het vir hom gewerk. Hy en sy suster, Eva, het ooreengekom in 'n kontrak dat op Piet se afsterwe, kon Eva al sy aandele koop in die besigheid teen 'n bedrag van R1 100 000.00. Op versoek van die eksekuteur, het die maatskappy se ouditeure die waarde van die aandele waardeer tot die bedrag van R1 000 000.00, welke waardebeoordeling deur SARS aanvaar is.
- 3.5 Eva het 'n Old Mutual lewensversekeringspolis op Piet se lewe uitgeneem met 'n uitkeerwaarde van R1 100 000.00. Onder bovermelde ooreenkoms is Eva verplig om die opbrengs van hierdie polis aan te wend om die bovermelde 100% aandele te koop in Cows (Edms) Bpk. Tot en met die dag van Piet se afsterwe, het Eva R100 000.00 al betaal aan versekeringspremies op die polis (rente teen 6% per jaar saamgestel jaarliks, ingeslote by the R100 000.00).
- 3.6 'n Lening aan die Venter Familie Trust tot die bedrag van R280 000.00. Piet het die Trust gedurende 2010 in die lewe geroep, en sommige van sy besittings aan die Trust verkoop vir R2 000 000.00 op 'n leningsrekening. Die Trust het jaarliks 'n gedeelte van die lening afbetaal, met die uitstaande balans op die dag van Piet se afsterwe, te wete, R280 000.00.
- 3.7 'n BMW motorvoertuig in Piet se naam met waardasie deur die waardeerder belopende R215 000.00. Op die 3de Februarie 2021 het die eksekuteur die voertuig verkoop teen die bedrag van R209 000.00 welke koopsom in die bestorwe boedel bankrekening gedeponeer is op dieselfde dag.
- 3.8 Die oorledene het ook 1200 aandele gehad in Milk Bpk, 'n gelyste maatskappy met die JEB, welke aandele gewaardeer was deur 'n aandelermakelaar op die dag van Piet se afsterwe teen die bedrag van R146 000.00. 'n Dividend van R45.00 per aandeel was verklaar en betaal op die 26st Januarie 2021.

- 3.9 Die oorledene het 'n belegging gehad ten bedrae van R200 000.00 by ABC Bank. Die eksekuteur het die belegging ter gelde gemaak teen die bedrag van R235 000.00, waarvan R10 000.00 'rente beloop' is, na die dood van die oorledene.
- 3.10 Die opbrengs van 'n Liberty Life lewensversekeringspolis op die lewe van die oorledene tot die bedrag van R300 000.00. Daar was 'n lening van R30 000.00 teen die polis en die eksekuteur het 'n tjek tot die bedrag van R270 000.00 vanaf Liberty Life ontvang as die verskuldige balans.
- 3.11 'n Pensioenfonds wat voorsiening maak vir 'n enkelbedrag betaling aan Piet se vader, Graham, op die dag van Piet se afsterwe, tot die bedrag van R900 000.00.

Die totale laste (administrasie onkoste en eise teen die boedel) beloop R400 000.00.

OPDRAG

Stel die Likwidasië- en Distribusie Rekening op in die boedel van die wyle Piet Venter vir indiening by die Meester van die Hooggeregshof. Spesifiseer die nodige onkoste. Gebruik u eie tersaaklike informasie waar nodig en relevant. U mag enige kapitaalwinstbelasting (KWB) implikasies ignoreer.

VRAAG 4

[10]

Met betrekking tot die pligte van 'n eksekuteur om kennisgewings te plaas ten opsigte van bestorwe boedels, verduidelik die volgende:

- 4.1 Watter kennisgewings moet geplaas word? (2)
- 4.2 Wanneer moet hierdie kennisgewings geplaas word? (2)
- 4.3 Waar moet hierdie kennisgewings geplaas word? (2)
- 4.4 Wat is die verskillende tydperke van elk van hierdie kennisgewings? (2)
- 4.5 Wat is die doel van elke kennisgewing? (2)

VRAAG 5

[5]

U is besig met die administrasie van die boedel van die tweede sterwende eggenoot. Na al die berekeninge beloop die netto waarde van die betrokke boedel in die boedel addendum R7 000 000.00. Die boedelbelasting addendum in die eerste sterwende eggenoot(e), toon aan dat die netto waarde van die betrokke boedel R2 500 000.00 beloop het.

Toon aan die berekening vir boedelbelasting betaalbaar (indien enige) in die boedel van die tweede sterwende eggenoot.

- DIE EINDE -
